name bygedra het, was die aansienlike styging in die prys van olie en verwante produkte teen die einde van 1973 en in die begin van hierdie jaar. Binnelandse tekorte aan sekere produkte, bv. basiese metale, het egter ook tot hoër invoere aanleiding gegee. Die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld het ook opmerklik toegeneem, onder andere deurdat die hoër goudprys 'n aansienlike toename in die betaling van dividende aan buitelanders tot gevolg gehad het. Hoër rentebetalings deur openbare korporasies en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, wat gedurende 1973 groot bedrae in die buiteland geleen het, het ook tot die styging in die netto onsigbare betalings gedurende die eerste kwartaal van 1974 bygedra.

Matige netto invloeiing van kapitaal

In teenstelling met die klein netto kapitaaluitvloeiing van R12 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1973, is gedurende die eerste kwartaal van 1974 'n netto kapitaalinvloeiing van R143 miljoen aangeteken. Soos die bygaande tabel toon, is hierdie verandering hoofsaaklik meegebring deur 'n toename in die bedrag wat deur openbare korporasies in die buiteland geleen is, 'n afname in die uitvloeiing van korttermynkapitaal van die private sektor, en 'n invloeiing van kapitaal na die sentrale regering en banksektor. Die aansienlike vermindering van die uitvloeiing van korttermynkapitaal van die private sektor gedurende die eerste kwartaal het hoofsaaklik voorgekom as gevolg van: (1) die verdwyning van die ongegronde spekulasie betreffende 'n moontlike devaluasie van die rand; (2) die vervroegings en vertragings van betalings aan en ontvangste vanaf die buiteland het nie langer teen Suid-Afrika gewerk nie; (3) verdere binnelandse bankkrediet het moeilik bekombaar geword, wat die omskakeling vanaf buitelandse na binnelandse finansiering moeiliker gemaak het; en (4) die verskille tussen die rentekoerse wat in die buiteland heers en Suid-Afrikaanse koerse het effens vernou as gevolg van die verhoging in die Suid-Afrikaanse koerse, alhoewel hierdie verskille nog steeds groot gebly het.

Netto kapitaalbewegings


R miljoene

	4de kw. van 1973	1ste kw. van 1974
Private sektor	15	104
Langtermynlenings van openbare korporasies	113	139
Ander langtermynkapitaal	20	-10
Korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies	-118	-25
Sentrale regering en banksektor	-27	39
Langtermynlenings van die sentrale regering	3	15
Ander	-24	24
Totaal	-12	143

Toename in die goud- en ander buitelandse reserwes

As gevolg van die gunstige betalingsbalans in sy geheel en waardasie-aansuiwerings, het die goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die eerste kwartaal van 1974 met R92 miljoen toegeneem, vergeleke met 'n afname van R269 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal. In werklikheid het die goud- en ander buitelandse reserwes gedurende Februarie en Maart 1974 met R131 miljoen gestyg, nadat dit in Januarie met R39 miljoen gedaal het. Die toename gedurende die eerste kwartaal, tot 'n vlak van R1 068 miljoen aan die einde van Maart, het hoofsaaklik in die Reserwebank se besit aan buitelandse valuta voorgekom terwyl die Bank se goudbesit gedurende die kwartaal onder beskouing effens gedaal het. Die monetêre bankinstellings se besit aan buitelandse valuta het gedurende die eerste kwartaal van die jaar met R36 miljoen afgeneem.

Goud- en ander buitelandse reserwes



Ontwikkelings gedurende April en Mei

Gedurende April en Mei het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank weer met nie minder nie as R124 miljoen tot 'n vlak van R799 miljoen aan die einde van Mei gedaal. Die afname gedurende April en Mei het plaasgevind ten spyte van die feit dat al die nuutontginde goud op die private mark verkoop is en die goudprys op die Londense mark gemiddeld ongeveer \$172 per fyn ons beloop het.

Die maandelikse handelstatistiek wat deur die Departement van Doeane en Aksyns vrygestel word, toon 'n toename in die tekort op Suid-Afrika se goedere-handelsrekening gedurende April. Die goedere-invoer het vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R4 265 miljoen in Maart tot R4 733 miljoen in April toegeneem en die goedere-uitvoer het vanaf R3 139 miljoen tot R2 984 miljoen gedaal.

Monetêre en banktoestand

Hernieuwe versnelling van die toename in geld en kwasi-geld

Gedurende die eerste kwartaal van 1974 was die koers van toename in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld weer aansienlik vinniger as gedurende die voorafgaande kwartaal, en ook vinniger as gedurende die tweede en derde kwartale van 1973 en gedurende die jaar in sy geheel. Die geldvoorraad alleen, dit wil sê met uitsluiting van kwasi-geld, het gedurende die eerste kwartaal van 1974 in werklikheid teen 'n baie hoë jaarkoers van nie minder nie as 45 persent toegeneem. Dit kan vergelyk word met 'n toename van ongeveer 21 persent gedurende 1973.

Toenames in geld en kwasi-geld

Seisoensinvloed uitgeskakel

	R miljoene	Jaarkoers %
1973: 1ste kwartaal	372	35
2de kwartaal	258	22
3de kwartaal	278	22
4de kwartaal	198	15
1974: 1ste kwartaal	384	29

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Soos gedurende die grootste deel van 1973, was die belangrikste enkele faktor wat gedurende die eerste kwartaal van 1974 tot die styging in geld en kwasi-geld bygedra het, nog steeds die skerp styging in bankkrediet aan die private sektor. Nadat dit gedurende Januarie en Februarie 1974 onderskeidelik met R170 miljoen en R164 miljoen toegeneem het, het die eise van die banksektor teen die private sektor gedurende Maart egter met slegs R21 miljoen gestyg. Aangesien daar geen aanduidings was dat die vraag na bankkrediet besig was om te verslap nie, was hierdie skielike daling in die koers van uitbreiding van bankkrediet moontlik 'n weerspieëling van die banke se vertraagde reaksies op die skerp vernouing van hul likwiditeitsposisies sedert November verlede jaar, en op die meer konserwatiewe beleidshouding wat deur die monetêre owerhede ingeneem is. Hierbenewens

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld – eerste kwartaal van 1974

R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie				Seisoensinvloed uitgeskakel			
	Jan.	Feb.	Maart	1ste kw. 1974	Jan.	Feb.	Maart	1ste kw. 1974
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	-45	53	38	46	-63	13	66	17
Eise teen die regeringsektor:								
Bruto eise	18	64	-40	42	113	113	113	113
Regeringsdeposito's*	-173	-234	146	-261	113	113	113	113
Netto eise	-155	-171	106	-219	-18	-156	124	-50
Eise teen die private sektor	170	164	21	355	186	138	9	333
Langtermyn private deposito's*	-24	38	23	37	59	-51	64	72
Netto ander bates	-47	72	-65	-41	113	113	113	113
Totale oorsake van veranderings	-102	156	123	178	100	122	163	384

*Toename-, afname+

het die netto remises in transito gedurende Maart egter aanmerklik gedaal vanaf die ongewoon hoë peil wat aan die einde van Februarie aangeteken is.


Betekenisvolle veranderings het in die loop van die eerste kwartaal van 1974 ook in ander oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld voorgekom. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes, wat gedurende Januarie 1974 nog 'n afname getoon het, het gedurende Februarie en Maart taamlik aansienlik gestyg voordat dit gedurende April weer gedaal het. Die netto eise teen die regeringsektor, wat gedurende die eerste twee maande van die jaar ooreenkomstig die sterk stygende peil van die regeringsdeposito's aansienlik gedaal het, het gedurende Maart weer toegeneem. Die langtermyndeposito's van die private sektor by die banksektor het gedurende die eerste kwartaal van 1974 'n daling getoon.

Bankkrediet

As gevolg van die skerp verminderde toename in die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor gedurende Maart, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in bankkrediet aan die private sektor gedurende die eerste kwartaal van 1974 in sy geheel 25 persent beloop. Hierdie koers kan vergelyk word met seisoensaangesuiwerde jaar-koerse van toename van 36, 41, 38 en 27 persent gedurende die vier kwartale van 1973, en met 'n toename in bankkrediet aan die private sektor van 36 persent (R1 536 miljoen) gedurende 1973 in sy geheel.

Ongewoon hoë toenamekoerse is nog steeds aangeteken in die monetêre banke se besit aan verhuuringskontrakte en aan handelswissels en bankaksepte. Huurkontrakte het gedurende die eerste kwartaal van 1974 met R28 miljoen tot R303 miljoen toegeneem, en bankaksepte met R81 miljoen tot R493 miljoen.


Eise van monetêre banksektor teen private sektor



Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



Volgens voorlopige syfers vir die vyf grootste banke en hul filiale was die toename in hul diskonteringe en voorskotte gedurende April 1974 aansienlik kleiner as dié gedurende elkeen van die eerste drie maande van die jaar.

Banklikwiditeit

Ná 'n marginale verbetering gedurende Desember 1973, het die likwiditeitsposisie van die handelsbanke, die aksepbanke en die monetêre huurkoop- en algemene banke gedurende Januarie en Februarie 1974, en in die geval van die handelsbanke ook gedurende Maart 1974, aanmerklik verswak. Aan die einde van Maart het die gesamentlike tekort van die monetêre banke se werklike besit aan likwiede bates in vergelyking met hul vereiste besit nie minder nie as R282 miljoen, of 3,5 persent van hul totale verpligtings teenoor die publiek, bedra.

Tussen die einde van Desember 1973 en die einde van Maart 1974 het die monetêre banke se likwiditeitsposisie verander vanaf 'n oorskot van R149 miljoen na 'n tekort van R282 miljoen, d.w.s. 'n verskuiwing van R431 miljoen. Hierdie verandering word verklaar deur 'n toename van R270 miljoen in die vereiste bedrag aan likwiede bates en 'n afname van R161 miljoen in die werklike besit aan likwiede bates. Eersgenoemde syfer was gedeeltelik die gevolg van 'n toename in die banke se verpligtings teenoor die publiek en gedeeltelik van 'n verskuiwing vanaf langertermyn- na kortertermyndeposito's. Die daling in die likwiede batebesit het tot op sekere hoogte die uitwerking weerspieël van die verpanding van likwiede bates as onderpand vir akkommodasie wat deur die Reserwebank verleen is. Teen die einde van Mei het meeste banke weer aan die likwiede bate-vereistes voldoen.

Verhoudings van likwiditeitsoorskotte of -tekorte %

	1973 Des.	1974 Jan.	1974 Feb.	1974 Maart
Handelsbanke	2,0	-2,3	-4,4	-5,6
Aksepbanke	0,4	-0,2	-0,8	1,0
Monetêre huurkoop- en algemene banke	2,7	0,4	0,5	0,4
Totaal van alle bogenoemde monetêre bankinstellings:				
Verhouding	1,9	-1,4	-3,0	-3,5
Bedrag van oorskot of tekort (—) (R miljoene) .	149	-113	-239	-282

Toestand op die geldmark en rentekoerse

Die toestand op die geldmark het aan die einde van Februarie baie stram geword, grotendeels as gevolg van 'n styging in regeringsdeposito's by die Reserwebank van meer as R270 miljoen tussen 22 en 28 Februarie. Gedurende Maart het die mark egter weer

betreklik bestendig verruim, hoofsaaklik as gevolg van 'n styging in die goud- en ander buitelandse reserwes en 'n aanmerkbare daling in die regeringsdeposito's. Gedurende die grootste deel van April het dit voortgegaan om te verruim aangesien die voortgesette daling in die regeringsdeposito's die hernieuwe dalings in die buitelandse reserwes oortref het. Alhoewel die normale vernouing van die mark oor maandeindes aan die einde van April betreklik beperk was, het die aggressiewe mededinging om fondse deur sekere bankinstellings om hul likwiditeitsposisie aan die einde van die maand te verbeter en hul skuldposisie teenoor die Reserwebank te verminder, 'n skerp daling in die daggeldlenings by die diskontohuise en 'n dienooreenkomstige styging in die huise se beroep op die Reserwebank veroorsaak. Ná die eerste paar dae van Mei het die mark egter dramaties verruim, grotendeels as gevolg van 'n skerp verdere daling in die regeringsdeposito's, wat hoofsaaklik teweeggebring is deur die aflossing van staatseffekte wat in die middel van die maand verval het.

Akkommodasie deur die Reserwebank in die vorm van oortrekkings en lenings aan banke, tesame met oornaglenings en die verdiskontering van skatkiswissels deur die diskontohuise, het vanaf R391 miljoen op 5 Maart tot R202 miljoen aan die einde van April en slegs R14 miljoen op 17 Mei gedaal.

Daggeldlenings by die diskontohuise, met uitsluiting van dié van die Staatskuldkommissaris, het regdeur die grootste deel van Maart en April betreklik bestendig toegeneem maar daarna tot slegs R114 miljoen op 3 Mei gedaal. Hulle het daarna egter skerp gestyg tot 'n hoogtepunt van R395 miljoen op 20 Mei. Onder hierdie omstandighede is die deposito's van die Staatskuldkommissaris by die diskontohuise tot 14 Mei op R111 miljoen gehou voordat dit gedurende die daaropvolgende sewe dae geheel en al onttrek is.

Die skatkiswissel-tenderkoers, wat in die middel van Februarie 'n peil van 4,70 persent bereik het, het tot 4,82 persent in die middel van Maart gestyg en, nadat dit gedurende April ietwat gedaal het, weer tot 4,79 persent op 24 Mei toegeneem. Die koers op VDS-e van 90 dae het vanaf die middel van Maart tot die middel van April vanaf 9,25 tot 8,25 persent gedaal. Gedurende die stram posisie van die diskontohuise oor die maandeinde van April en gedurende die eerste paar dae van Mei was hierdie koers slegs „by aansoek” beskikbaar; dit is vervolgens gekwoteer as 10 persent op 10 Mei en 9,0 persent op 17 Mei. Die koers op bankaksepte van drie maande is sedert vroeg in Januarie op 7,5 persent gehou.

Die gepubliseerde daggeldkoers en depositorente-koerse van die handelsbanke en ander bankinstellings is sedert 14 Januarie 1974 op die maksima van die depositokoersbeheer gehou maar is met ingang 1 Junie 1974 met $1\frac{1}{2}$ persent verhoog toe die Bankkoers ook met 1 persent tot $7\frac{1}{2}$ persent verhoog is en die stel

koerse wat deur die Reserwebank gekwoteer word, opwaarts aangepas is met tussen $\frac{1}{4}$ en 1 persent.


Staatsfinansies

Inkome, uitgawe en surplus van openbare owerhede

Gedurende die eerste kwartaal van 1974 het sowel die vaste investering as die verbruiksbesteding van die openbare owerhede toegeneem terwyl gedurende die grootste gedeelte van 1973 slegs die verbruiksbesteding toegeneem het en die vaste investering geneig het om af te plat. Wat die verbruiksbesteding betref was 'n ander komponent vir die verdere styging gedurende die eerste kwartaal verantwoordelik. Terwyl gedurende 1973 die vergoeding van werknemers hoofsaaklik vir die styging verantwoordelik was, was die besteding op goedere en ander dienste, hoofsaaklik op verdediging, uitsluitend verantwoordelik vir die styging gedurende die eerste kwartaal van 1974.

Die skerp toename in die vaste investering van openbare owerhede gedurende die eerste kwartaal van 1974 was hoofsaaklik die gevolg van besteding deur hul algemene afdelings op geboue, paaie en

Bruto vaste investering en verbruiksbesteding deur openbare owerhede



brûe. Vaste investering deur die handelsafdelings van openbare owerhede, hoofsaaklik die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, het gedurende die eerste kwartaal slegs matig toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van toenemende besteding deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese.

In weerwil van die hoër verbruiksbesteding gedurende die eerste kwartaal, het die algemene afdelings van openbare owerhede 'n rekord lopende surplus aangeteken. Dit was die gevolg van 'n aansienlike toename in lopende inkomste. Die belangrikste inkomstekomponente wat tot hierdie styging bygedra het, was direkte belastings en inkome uit eiendom. Hoër ontvangste van goudmynhuurkontrakte en lopende surplusse van die Spoorweë en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese was verantwoordelik vir 'n rekord inkome uit eiendom wat gedurende die betrokke tydperk aangeteken is.

Skatkistekort kleiner as wat verwag is

Die aansienlike lopende surplus van die openbare owerhede in 1973 sowel as gedurende die eerste kwartaal van 1974 is weerspieël in 'n groot surplus op die Inkomsterekening van die sentrale regering. Dit het meegebring dat die skatkistekort van R402 miljoen vir die fiskale jaar geëindig 31 Maart 1974 aansienlik kleiner was as die R1 100 miljoen wat deur die Minister van Finansies in sy Begrotingsrede voorsien is. Dit was ook R240 miljoen minder as die tekort vir die voorafgaande fiskale jaar. Die belangrikste faktor wat vir hierdie besonder groot afwyking van die Begrotingsramings verantwoordelik was, was die toename van 32 persent in Skatkisontvangste, wat heelwat hoër is as die geraamde toename van 9 persent. Skatkisuitreikings daarenteen was slegs in 'n geringe mate hoër as die styging van 20 persent waarvoor in die Begroting voorsien is.

As gevolg van die kleiner tekort, was dit nie nodig om die R351 miljoen van die Stabilisasierekening na die Skatkisrekening oor te plaas soos oorspronklik deur die Minister voorgestel is nie. Met die finansiering van die tekort, het die regering sy netto skuldposisie teenoor die Staatskuldkommissaris, die private nie-banksektor en die monetêre banksektor met onderskeidelik R255 miljoen, R104 miljoen en R134 miljoen verhoog. Terselfdertyd is sy netto skuldposisie teenoor die buitelandse sektor met R90 miljoen verminder.

Die bydrae van R134 miljoen deur die monetêre banksektor tot die finansiering van die skatkistekort het bestaan uit 'n toename in die besit aan staats-effekte van R377 miljoen, verminder met 'n toename van R243 miljoen in skatkisdeposito's by die banksektor. Die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie het hulle besit aan staatskuldbewyse met R420 miljoen vergroot, terwyl ander monetêre bankinstellings hulle besit met R43 miljoen verminder het.

Skatkisfinansies

R miljoene

	Jaar geëindig 31 Maart		Kwartaal geëindig 31 Maart
	1973	1974	1974
Totale netto ontvangste	3 182	4 205	1 290
Totale netto uitreikings	3 824	4 607	1 552
Totale tekort (uitgesonderd Lenings)	-642	-402	-262
Finansiering:			
Verandering in netto skuld- posisie teenoor:			
Buitelandse sektor	83	-90	22
Private nie-banksektor:			
Leningsheffings	-15	-12	-57
Ander	445	116	23
Staatskuldkommissaris	125	255	215
Betaalmeester-generaal	-27	—	—
Sub-totaal	611	268	203
Monetêre banksektor:			
Verandering in besit aan staatskuldbewyse gehou deur:			
S.A. Reserwebank en			
NFK	27	420	52
Ander monetêre			
bankinstellings	324	-43	-12
Verandering in skatkis- saldo*	-319	-243	18
Sub-totaal	32	134	59
Totale finansiering	642	402	262

*Toename—, afname+. Insluitende netto oordragte na die Stabilisasierekening en na die IMF-Depositorekening t.o.v. supergoudtranche-trekkings.

Die private nie-banksektor se bydrae van R104 miljoen tot die finansiering van die skatkistekort was betreklik klein in vergelyking met die R355 miljoen en R430 miljoen in die fiskale jare 1971/72 en 1972/73 onderskeidelik. Een rede vir die kleiner bydrae gedurende die fiskale jaar onder bespreking was die terugbetaling van leningsheffings ten bedrae van bykans R80 miljoen gedurende Maart 1974 en van Tesourie-obligasies ten bedrae van R59 miljoen gedurende September 1973.

Die toestand van die Skatkis was selfs nog gunstiger indien in aanmerking geneem word dat bykans een-vyfde van die totale uitreikings gedurende Maart 1974 gemaak is en dat 'n groot gedeelte van hierdie uitbetalings gedeponeer is by die Staatskuldkommissaris, wat op hulle beurt 'n verdere bedrag by die diskontohuise belê het. Hierdie belegging het aan die einde van Maart 1974 R130 miljoen bedra maar het gedurende April en Mei na die Skatkis teruggevloei.

Toename in die meeste inkomstebronne

Bykans al die inkomsteposte op die Inkomste- en Leningsrekening het toenames getoon wat hoër was

as die Begrotingsramings. Doeane-, aksyns- en verkoopregontvangste, insluitende dié op die Suidwes-Afrikarekening, het die Begrotingsramings met R128 miljoen, of 16 persent, oorskry en was bykans 19 persent hoër as gedurende 1972/73. Die ontvangste van binnelandse inkomste, uitgesonderd dié op die Suidwes-Afrikarekening, het die Begrotingsramings met R513 miljoen of 21 persent oorskry. Ingesluit by die betrokke ontvangste was egter nie-herhalende oordragte ten bedrae van R117 miljoen vanaf die Belastingreserwerekening en die Buitelandse Valuta-aansuiweringsrekening. Invorderings van inkomste-belasting was hoofsaaklik vir die aansienlike toename in die ontvangste van binnelandse inkomste verantwoordelik en dit was R553 miljoen of 32 persent hoër as gedurende die voorafgaande fiskale jaar. Van hierdie bedrag verteenwoordig R190 miljoen 'n toename in belastinginvorderings van die goudmyn-bedryf. Ontvangste op die Leningsrekening het 'n soortgelyke verloop as dié op die Inkomsterekening getoon en was R72 miljoen of 38 persent hoër as die Begrotingsramings en het die ooreenstemmende syfer vir die vorige fiskale jaar met R87 miljoen oorskry. Van laasgenoemde toename kon R51 miljoen toegeskryf word aan hoër goudmynhuurkontrakte en R13 miljoen aan ontvangste vanaf diamantmyne en die uitvoerregte op diamante.

Kapitaalmark

Die toestand in die kapitaalmark het gedurende die eerste kwartaal van 1974 verder vernou omdat die vaste investering deur die openbare en die private sektore toegeneem het terwyl persoonlike besparing terselfdertyd skerp afgeneem het. Rentekoerse het gevolglik na hoër vlakke beweeg, maar ten spyte van hierdie ontwikkeling het effektebeurspryse en -bedrywigheid opmerklik toegeneem.

Opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte op hoër vlakke

Die vraag- en aanbodtoestand in die mark vir vaste-rentedraende effekte het gedurende die eerste kwartaal van 1974 tot hoër opbrengskoerse aanleiding gegee maar die opbrengskoerse het geneig om op die hoër vlakke te stabiliseer. Gedurende die tydperk Februarie tot April is daar byvoorbeeld vyf nuwe uitgiftes van semiprima-effekte teen 'n opbrengskoers van 9,1 persent, of 0,8 persent hoër as die vlak van Desember 1973, met welslae geplaas. Die opbrengskoerse op beide langtermynstaatseffekte en lenings-effekte van maatskappye is met 0,25 persent bo die vlakke van Desember 1973 verhoog, naamlik tot 8,25 en 9,75 persent, onderskeidelik.

Die marge tussen die opbrengskoers op langtermyn semiprima-effekte en -staatseffekte het vanaf 0,3 persent aan die einde van Desember 1973 tot 0,8 persent aan die einde van April 1974 vergroot, en dié tussen

die opbrengskoers op semiprima-effekte en lenings-effekte van maatskappye het vanaf 1,2 persent tot minder as een persent vernou, terwyl die rendements-gaping tussen leningseffekte van maatskappye en staatseffekte onveranderd op 1,50 persent gebly het.

'n Toename in die besparing van die private korporatiewe sektor en die lopende surplus van die sentrale regering het die behoefte van hierdie leners om fondse in die mark op te neem, verminder. Die bedrag van R174 miljoen wat gedurende die eerste kwartaal geleen is, was gevolglik kleiner as die gemiddelde kwartaallikse bedrag van R232 miljoen wat gedurende 1973 geleen is. Openbare korporasies het R85 miljoen in die binnelandse mark en 'n verdere R139 miljoen in die buiteland geleen.

Aandelemark bedrywig

Die bedrywigheid op die effektebeurs en die pryse van alle klasse aandele het gedurende die eerste kwartaal van 1974 verbeter. Die waarde van aandele verhandel was in werklikheid meer as dubbeld so groot as die bedrag vir die vierde kwartaal van 1973 en ongeveer tweemaal die kwartaallikse gemiddelde vir 1973. Die aantal aandele verhandel was ook bykans dubbeld dié van die vorige kwartaal en aansienlik hoër as die kwartaallikse gemiddelde vir 1973. Groter buitelandse deelname in die mark het tot die styging in die omset bygedra. Nuwe noterings op die effektebeurs is goed ontvang en die voornoteringsaanbiedinge wat hierdie noterings voorafgegaan het, was oorvolkskryf.

Omset op die Johannesburgse Effektebeurs


	1973		1974
	Vierde kwartaal	Kwartaal-likse gemiddelde	Eerste kwartaal
Aantal aandele verhandel (1963 = 100)	175	223	325
Waarde van aandele verhandel (R miljoene):			
Totaal	264	322	635
Bruto aankope deur buitelanders	60	61	107
Netto aankope deur buitelanders	-9	-8	-5

Die omvattende aandeleprysindeks vir alle klasse aandele het vanaf Desember 1973 tot Maart 1974 met 29 persent gestyg terwyl die pryse van individuele klasse aandele stygings wat van 13 tot 59 persent gewissel het, aangeteken het. Die faktor wat die meeste tot die hoër pryspeile bygedra het, was die sterk stygende goudprys op die private mark wat tot toenames van onderskeidelik 59 en 47 persent in die pryse van goudmyn- en finansiële mynbou-aandele gelei het. Gedurende April het die omvattende en goudmynaandeleprysindeks verdere stygings van onderskeidelik 4 en 15 persent getoon.


Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het vanaf 5,6 persent in Desember 1973 tot 5,0 persent in Maart 1974 afgeneem. Hierdie afname van 11 persent was aansienlik kleiner as die gemiddelde styging van 29 persent in die pryse van alle klasse aandele. Dit dui daarop dat die invloed van die stygende pryse op die dividendopbrengskoers gedeeltelik deur hoër dividendbetalings geneutraliseer is. Die afname in die omvattende dividendopbrengs-

koers en die toename in die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het tot gevolg gehad dat die omgekeerde rendementsgapings tussen laasgenoemde en eersgenoemde opbrengskoerse vanaf 2,36 persent in Desember 1973 tot 3,21 persent in Maart 1974 vergroot het. Gedurende April het die dividendopbrengskoers vir alle klasse aandele in werklikheid 'n klein styging getoon ten spyte van 'n verdere styging in die omvattende aandeleprysindeks.

Aandelepryse



Aantal aandele verhandel op die Johannesburgse Effektebeurs



Afname in die vloei van fondse na depositonemende en verwante instellings


Die vloei van fondse na bankinstellings, bouverenigings en deelnemingsverbandskemas in die vorm van 'n toename in spaar- en langtermyndeposito's, bouverenigingaandele en -deposito's en beleggings in deelnemingsverbande, was gedurende die eerste kwartaal van 1974 effens kleiner as gedurende die laaste kwartaal van 1973. Hierdie kleiner invloeiing van fondse verteenwoordig 'n voortsetting van die dalende neiging wat sedert die derde kwartaal van 1973 merkbaar geword het.

Alhoewel die invloeiing van ongeveer R240 miljoen na die betrokke instellings gedurende die eerste kwartaal slegs effens kleiner was as die bedrag van R254 miljoen wat gedurende die vierde kwartaal van 1973 aangeteken is, was daar 'n opmerklike verandering in die relatiewe aandeel van die instellings in die bedrag aan nuwe fondse. Terwyl die relatiewe aandeel van bankinstellings gedurende 1973 gemiddeld 32 persent bedra het, het dit gedurende die eerste kwartaal van 1974 tot 6 persent afgeneem. Die bouverenigings se aandeel het toegeneem vanaf gemiddeld 58 persent in 1973 tot 78 persent in die eerste kwartaal, terwyl die ooreenstemmende toename by die deelnemingsverbandskemas vanaf 10 tot 16 persent was.

Soos deur die verandering in die relatiewe aandeel in nuwe fondse aangedui word, het bankinstellings 'n skerp afname in die toevoegings tot spaar- en langtermyndeposito's ondervind, naamlik vanaf R91 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1973 tot R15 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1974. 'n Gedeelte van die afname is egter teweeggebring deur 'n verskuiwing vanaf langtermyn- na kortertermyn-deposito's. Hierteenoor het die bouverenigings gedurende die eerste kwartaal 'n invloeiing van R189 miljoen gehad, wat heelwat meer was as die R125 miljoen van die vorige kwartaal. Die toename in die verenigings se deposito's en aandele het dus op 'n hoër peil gebly ten spyte van 'n afname in die langertermyn-fondse. Die verenigings se invloeiing van nuwe fondse het egter gedurende April merkbaar afgeneem tot slegs R20 miljoen.

As gevolg van die kleiner totale aanbod van deposito-soortige fondse het daar opwaartse druk op deposito-rentekoerse ontstaan. Die owerhede het hieraan erken-

Netto invloeiing van nuwe fondse



op verbandlenings vir woonhuise gedurende Januarie vanaf 8,5 tot 9,25 persent verhoog en 'n gedeelte van die verenigings se beskikbare fondse is gebruik om hulle verpligtings ten opsigte van verbande toegestaan maar nog nie uitbetaal nie, met R33 miljoen te verminder. Die verenigings het ook hulle besit aan likwiede bates uitgebrei en hulle oorskotbesit aan likwiede bates bo die wetlik vereiste minimum het toegeneem tot 3,4 persent van hulle verpligtings teenoor die publiek aan die einde van Maart 1974, vergeleke met 'n verhouding van 2,5 persent aan die einde van 1973. Terselfdertyd het die verenigings hul besit aan bates wat voorheen as „ander voorgeskrewe beleggings” gegeld het, met R59 miljoen verminder.

Op 5 Junie het die bouverenigings aangekondig dat die verbandkoers op woonhuise tot 10,5 persent verhoog word en die regering het terselfdertyd 'n verhoging in die staatsubsidie op verbandrente aangekondig wat tot 2 persent bokant 8,5 persent kan wees.

ning gegee deur die beheerde maksimum deposito-koerse vir die verskillende klasse deposito's en bouverenigingaandeel (met uitsondering van subskripsie- en belastingvrye aandele) vanaf 14 Januarie 1974 met 1 persent en vanaf 1 Junie 1974 met 'n verdere 1½ persent te verhoog. Die koers op subskripsie- en belastingvrye aandele is met ingang 1 Junie 1974 met 1 persent verhoog.

Afname in verbandvoorskotte toegestaan deur bouverenigings

Alhoewel die vloei van fondse na die bouverenigings gedurende die eerste kwartaal van 1974 aansienlik groter was as gedurende die voorafgaande kwartaal, is minder nuwe verbandlenings toegestaan as gedurende die vierde kwartaal van 1973. Die afname in die algemene beskikbaarheid van langertermyn-depositofondse het die verenigings daartoe gelei om 'n versigtiger uitleenbeleid te volg. So is die rentekoers

Verklaring insake rentekoersaanpassings

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. T. W. de Jongh

30 Mei 1974

Ná die gebruikelike oorlegpleging met die Tesourie het die Reserwebank besluit om met ingang 1 Junie 1974 die volgende rentekoersaanpassings aan te bring:

1. Die Bankkoers word vanaf $6\frac{1}{2}$ tot $7\frac{1}{2}$ persent per jaar verhoog.
2. Die stel rentekoerse vir die Reserwebank se transaksies in staatseffekte word soos volg aangepas: Die koers vir effekte met 'n looptyd van 3 jaar word vanaf $5\frac{1}{2}$ persent tot $6\frac{1}{2}$ persent per jaar en vir effekte met looptye van 20 jaar of langer vanaf $8\frac{1}{4}$ persent tot $8\frac{1}{2}$ persent per jaar verhoog. Die nodige aanpassings in die koerse van effekte met looptye van tussen 3 en 20 jaar sal aangebring word.
3. Die voorgeskrewe maksimum rentekoerse wat bankinstellings en bouverenigings mag betaal op deposito's geneem of hernieu en op bouvereniging aandele uitgereik op of ná 1 Junie 1974, word met $1\frac{1}{2}$ persent verhoog, behalwe die koerse op subskripsie- en belastingvrye aandele van bouverenigings, wat met 1 persent verhoog word. Bowendien sal hierdie maksimum rentekoerse vanaf hierdie datum nie van toepassing wees op deposito's wat deur geregistreerde bankinstellings van ander geregistreerde bankinstellings geneem word nie. Die nodige Regeringskennisgewing met betrekking tot hierdie veranderings sal binnekort in 'n Staatskoerant verskyn.

Hierdie aanpassings word geag om in die belang te wees, nie slegs van betreklike ekonomiese stabiliteit en 'n sterk betalingsbalans nie, maar ook van voortgesette vinnige ekonomiese groei. Hulle het nodig geword as gevolg van onlangse binnelandse en internasionale ekonomiese ontwikkelings en is in ooreenstemming met die basiese vraag-en-aanbodtoestande wat tans in die binnelandse sowel as die buitelandse finansiële markte bestaan.

Alhoewel rentekoerse in die meeste nywerheidslande gedurende die afgelope paar maande of buitengewoon hoog gebly het of verder tot nuwe rekordpeile gestyg het, het hulle in Suid-Afrika op 'n betreklik matige vlak gebly. Nadat dit in die derde kwartaal van 1973 'n laagtepunt bereik het, het Suid-Afrikaanse rentekoerse sedertdien wel 'n duidelike opwaartse beweging getoon. Bowendien is aan hierdie neiging tot verstewiging amptelik erkenning gegee deur die verhoging van die Bankkoers vanaf $5\frac{1}{2}$ tot $6\frac{1}{2}$ persent op 14 Januarie 1974. Maar in vergelyking met die meeste ander lande het Suid-Afrika nog steeds lae rentekoerse. So het die prima-uiteenkoers van die handelsbanke in Suid-Afrika verlede week byvoorbeeld op 9 persent gestaan, terwyl die vergelykbare koerse in die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State onlangs ongeveer 12 en 11,5 persent, onderskeidelik, bedra het.

Die opwaartse neiging van Suid-Afrikaanse rentekoerse sedert die derde kwartaal van 1973 was die natuurlike gevolg van twee hoof faktore. Die eerste was die sterk vraag na krediet wat met die voortgesette sikliese beweging in die ekonomie gepaard gegaan het. Die tweede was 'n netto uitvloeiing van buitelandse kapitaal gedurende die tweede helfte van 1973 en weer in April 1974, hoofsaaklik in die vorm van „vervroegings en vertragings” in buitelandse betalings. Hierdie uitvloeiing kon grotendeels toegeskryf word aan die abnormale groot verskil tussen Suid-Afrikaanse en buitelandse rentekoerse en, in een stadium, teen die einde van 1973, ook aan ongegronde spekulasie omtrent 'n moontlike devaluasie van die rand. Tesame met 'n matige tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans, het hierdie netto uitvloeiing van fondse 'n daling in die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank teweeggebring vanaf die hoogtepunt van R1 268,0 miljoen wat aan die einde van Julie 1973 bereik is tot 'n laagtepunt van R764,8 miljoen op Vrydag, 4 Januarie 1974, wat deur 'n matige herstel tot R858,9 miljoen verlede Vrydag, 24 Mei, gevolg is.

Die verklaring waarom Suid-Afrikaanse rentekoerse desondanks nie in nagenoeg dieselfde mate as dié in die meeste ander lande gestyg het nie, lê gedeeltelik in die voortgesette vinnige toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld in die binnelandse ekonomie. Dit het op sy beurt weer gedeeltelik verband gehou met die aansienlike styging in die prys van goud ná November 1973 en met die bestaan van valutabeheer oor uitwaartse kapitaalbewegings. 'n Belangrike oorsaak van die verhoogde likwiditeit was egter die buitengewoon groot toename in bankkrediet aan die private sektor, wat gedurende 1973 nie minder nie as 36 persent, en in die eerste kwartaal van 1974, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, 'n verdere 25 persent, beloop het.

Ongelukkig was hierdie sterk oplewing in die binnelandse bankkrediet ook 'n belangrike faktor wat tot die netto uitvloeiing van kapitaal en die gevolglike daling in die reserwes bygedra het. In die verlede is sikliese opswaai in Suid-Afrikaanse ekonomiese bedrywigheid, met insluiting van invoere, tradisioneel in 'n betekenisvolle mate deur buitelandse krediete gefinansier. Maar by hierdie geleentheid het die betreklik lae peil van rentekoerse in Suid-Afrika en, tot onlangs, die beskikbaarheid van aansienlike verdere krediet van Suid-Afrikaanse banke, gelei tot grootskaalse vervanging van buitelandse deur binnelandse finansiering, 'n proses wat in die betalingsbalans as 'n netto uitvloeiing van korttermynkapitaal na vore gekom het.

Hierdie kombinasie van uitbreiding van bankkrediet en dalende reserwes het gedurende die tweede helfte van 1973 vanselfsprekend die likwiditeit van die banke

self ongunstig beïnvloed. Teen die einde van 1973 en gedurende die eerste vier maande van 1974 moes die banke en die diskontohuise in werklikheid op groot skaal hul toevlug tot Reserwebankkrediet neem. Alhoewel die Reserwebank vir sodanige akkommodasie strafkoerse toegepas het en in Januarie 1974 die Bankkoers en verwante rentekoerse verhoog het, het hy, deur op hierdie wyse krediet te skep, die banke in staat gestel om met die uitbreiding van hul krediet aan die private sektor voort te gaan. Sekere van die banke het ook op so 'n skaal voortgegaan om krediet te verleen dat hulle nie meer aan die minimum likwiede batevereistes voldoen het nie. Onder hierdie omstandighede het markrentekoerse natuurlik geneig om verder te styg en het die meeste beheerde deposito- en ander rentekoerse onder sterk opwaartse druk te staan gekom.

Die posisie is verder bemoeilik deur die feit dat die banke 'n daling ondervind het in hul middel- en langtermyndeposito's, waarteen hul likwiede batevereistes onderskeidelik 28 en 5 persent is, en 'n toename in hul korttermyndeposito's, waarteen hulle likwiede bates moet aanhou tot 'n bedrag van 45 persent. Dit was die gevolg van hul onvermoë om teen die beheerde depositokoerse effektief om middel- en langtermyndeposito's mee te ding en van die gevolglike toename in die vloei van fondse deur nie-bank-kanale. Aangesien hierdie fondse grotendeels as korttermyndeposito's weer in die bankstelsel te voorskyn gekom het, het hulle die banke se vereiste likwiede bates laat toeneem op die wyse wat hierbo beskryf is.

Meer onlangs het die posisie in sekere opsigte verander. Nadat dit gedurende Januarie en Februarie nog aansienlik gestyg het, het bankkrediet aan die private sektor gedurende Maart en April geneig om meer gelyk te verloop. Gedurende die tydperk Maart tot Mei was daar ook 'n verskuiwing van fondse van die openbare na die private sektor. Nadat dit gedurende die eerste kwartaal betreklik bestendig gestyg het, het die goud- en buitelandse valuta-reserwes van die Reserwebank gedurende April merkbaar gedaal en vervolgens van week tot week opvallende skommings getoon. Die netto uitwerking van hierdie verskillende ontwikkelings was 'n verruiming van die posisie van die banke, wat hulle feitlik almal in staat gestel het om weer ten volle aan die likwiede batevereistes te voldoen en hul uitstaande Reserwebanklenings terug te betaal.

Afgesien van die ontwikkelings betreffende die betalingsbalans en die bankwese waarna hierbo verwys is, wil dit voorkom asof die sikliese opwaartse beweging in die totale investerings- en verbruiksbesteding nou gevorder het tot 'n stadium waarin die ekonomie weer eens 'n toestand van vraaginflasie nader. Gegewe die feit dat die koers van toename van die verbruikersprysindeks gedurende die twaalf maande wat in April 1974 geëindig het, 9,6 persent beloop het, bestaan daar duidelik 'n behoefte om te

voorkom dat oormatige vraag-inflasionistiese druk toegevoeg word aan die ander inflasionistiese faktore wat alreeds in die ekonomie werkzaam is.

In die lig van al hierdie oorwegings sou dit onverantwoordelik van die monetêre owerhede wees om 'n voortgesette uitbreiding van binnelandse bankkrediet toe te laat teen die buitengewoon hoë koers van die afgelope jaar en om te probeer om die huidige abnormale verskil tussen binnelandse en buitelandse rentekoerse te handhaaf. Onder die heersende omstandighede sou so 'n beleid van maklike en kunsmatige goedkoop geld sowel vraaginflasie aanmoedig as die betalingsbalans verswak. Net so belangrik, sou dit die huidige beleid om groei aan te moedig eerlank ondermyn, aangesien 'n sekere mate van ekonomiese stabiliteit en 'n gesonde posisie van die betalingsbalans in sy geheel albei noodsaaklik is om 'n hoë reële groeikoers te handhaaf. Dit is belangrik dat 'n toereikende hoeveelheid uitleenbare fondse beskikbaar moet wees om voort te gaan om 'n hoë groeikoers te finansier, en die monetêre owerhede sal die stappe doen wat vir hierdie doel noodsaaklik is. Maar indien daar in 'n *buitensporige* mate op binnelandse bankkrediet as 'n bron van sulke fondse staatgemaak word, sou die gevolglike nadelige uitwerking daarvan op die inflasiekoers en die betalingsbalans die huidige oplewing te vroeg aan bande kon lê.

Daar is derhalwe besluit om nie die likwiede batevereistes vir bankinstellings te verlaag nie maar om met die huidige beleid van verlangsamings van die uitbreidingskoers van die binnelandse krediet voort te gaan, en om as 'n logiese uitvloeisel daarvan 'n verdere styging van rentekoerse te aanvaar. Gesien die onderliggende sterkte van die rand, word dit nie noodsaaklik geag om die verskil tussen binnelandse en buitelandse rentekoerse geheel en al te verwyder nie maar slegs om dit op die aangeduide wyse te vernou.

Daar word verwag dat die banke op die verhoging van 1 persent in die Bankkoers sal reageer deur hul prima-uitleenkoerse vanaf die huidige 9 persent tot 10 persent te verhoog. Terselfdertyd behoort die verhoging van 1½ persent in die maksimum deposito-koerse hulle in staat te stel om meer effektief met die sogenaamde „grysmark” om middel- en langtermyndeposito's mee te ding en daardeur betekenisvolle verligting te verkry wat hul likwiede batevereistes betref. Hul likwiditeitsposisie sal natuurlik ook bevoordeel word in die mate waartoe die aangekondigde maatreëls 'n gunstige uitwerking op die betalingsbalans het. Daar word verder verwag dat die regeringsektor in die nabye toekoms op 'n netto basis geen fondse aan die private sektor sal onttrek nie, terwyl die finansiering van die groot mielie-oes gedurende die eerskomende maande 'n aansienlike uitbreiding van Reserwebankkrediet behoort mee te bring. Die banke behoort derhalwe in die normale gang van sake gedurende die tydperk wat voorlê 'n verdere verruiming van hul likwiede bateposisie te ondervind.

In hierdie opsig sal die betalingsbalans 'n sleutelfaktor wees en die monetêre owerhede sal die situasie natuurlik voortdurend in die oog hou.

Wat die bouverenigings betref, word dit as onvermydelik aanvaar dat hul verbandkoerse verhoog sal moet word, maar daar word gehoop dat hulle hierdie verhoging soveel as moontlik sal beperk. Hierbenevens sal die Regering binnekort 'n verklaring uitreik aangaande die uitbreiding van die bestaande subsidieskemas met betrekking tot rentekoerse op bouverenigings- en plaasverbandlenings en ten opsigte van behuisingslenings vir staatsamptenare.

Om die genoemde redes word verwag dat die aangekondigde aanpassings van die monetêre beleid sal help om vraaginflasie in toom te hou, 'n netto invloeiing van buitelandse kapitaal aan te moedig, die reserves te ondersteun, en op al hierdie maniere by te dra tot die basiese beleidsdoelstelling om vinnige ekonomiese groei op 'n gesonde grondslag te handhaaf. Op sy eie kan monetêre beleid natuurlik nie verseker dat hierdie doelstellings bereik sal word nie. Die belangrikheid van voortgesette noue koördinasie tussen monetêre, fiskale en ander vorms van ekonomiese beleid moet derhalwe beklemtoon word.

Opmerkings oor tabelle

Die aandag word weer eens gevestig op die feit dat sommige van die syfers wat in die *Kwartaalblad* verskyn, een keer per jaar in die Junie-uitgawe hersien word. Alle reekse waarvan die seisoensinvloed uitgeskakel is, is hersien, nie alleen om veranderde seisoenspatrone in ag te neem nie maar ook as gevolg van hersienings van die basiese gegewens. In teenstelling met die gebruik is besonderhede omtrent private kapitaalbewegings gedurende 1973 nie in tabel S-60 gepubliseer nie. Hierdie syfers sal eers beskikbaar wees ná die samestelling en verwerking van die gegewens wat versamel word met die Tweede Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates.

Die lopende inkome en uitgawe van openbare owerhede, 1946 – 1973

deur G. Steenkamp en J. van Dyk

Inleiding

Die openbare owerhede in Suid-Afrika het 'n uitgebreide en beslissende invloed op die volkshuishouding en hulle relatiewe belangrikheid in die volkshuishouding as geheel het met verloop van tyd 'n neiging getoon om toe te neem. Terwyl die koers van toename in hulle uitgawe op verbruiksbesteding en investering min of meer tred gehou het met dié in die bruto binnelandse produk gedurende die tydperk 1946 tot 1961, het die jaarlikse persentasie toename in hulle uitgawe sedertdien byna deurlopend dié van die bruto binnelandse produk oorskry.¹ Tussen 1961 en 1973 het die uitgawe op finale goedere en dienste deur openbare owerhede inderwaarheid gemiddeld met ongeveer 12½ persent per jaar toegeneem, vergeleke met 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van net meer as 10½ persent in die bruto binnelandse produk gedurende dieselfde tydperk. As 'n persentasie van bruto binnelandse produk, het die uitgawe op verbruiksbesteding en investering deur openbare owerhede 'n rekordhoogte van 23 persent in 1972 behaal, maar weer tot 20 persent in 1973 gedaal.

In Suid-Afrika verteenwoordig openbare owerhede drie vlakke van owerheid, naamlik die sentrale regering, provinsiale administrasies en plaaslike owerhede. Tussen 1946 en 1973 was ietwat meer as die helfte van die besteding van openbare owerhede deur die sentrale regering verantwoord, ongeveer 30 persent deur provinsiale administrasies en die oorblywende 20 persent deur plaaslike owerhede. In teenstelling met die geleidelike toename in die besteding van die owerhede op laer vlakke gedurende die betrokke tydperk, was dié van die sentrale regering soms onderhewig aan groot skommelings. Dit is hoofsaaklik te weeggebring deur veranderings in investering, veral in dié van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie.


Die aktiwiteite van openbare owerhede kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik, eerstens, die aankoop en produksie van goedere en dienste, die skeping van staatskuld, die heffing van belastinge en die maak van oordragbetalings aan ander sektore van die volkshuishouding, en, tweedens, die instelling van direkte beheermaatreëls oor sekere bedrywighede. Hierdie artikel is gemoeid met die eersgenoemde groep van aktiwiteite en is daarop gemik om gegewens wat betrekking het op die lopende inkome en uitgawe van die verskillende regeringsvlakke te voorsien en te ontleed. Die investeringsuitgawe van die owerhede sal nie in berekening gebring word nie.²

Besteding aan goedere en dienste deur openbare owerhede


Gemiddelde jaarlikse persentasie groeikoers

	1946-1961	1961-1973
Verbruiksbesteding	7,6	12,9
Bruto investering	9,5	12,2
Totaal:	8,3	12,6
Sentrale regering	6,7	14,3
Provinsiale administrasies	10,5	10,7
Plaaslike owerhede	9,9	11,3
Bruto binnelandse produk	8,1	10,6

Grafiek 1
Bruto binnelandse produk en finale besteding deur openbare owerhede




Totale finale besteding van openbare owerhede as persentasie van bruto binnelandse produk



1. Statistiek t.o.v. die verbruiksbesteding en investering van openbare owerhede verskyn in Tabel 1 op bladsy 33.
2. Investerings deur openbare owerhede sal bespreek word in 'n toekomstige artikel wat in die *Kwartaalblad* gepubliseer sal word.

Grafiek 2

Finale besteding deur openbare owerhede



Vir ontledingsdoeleindes kan die transaksies van openbare owerhede volgens doel of volgens tipe transaksie ingedeel word. Eersgenoemde is 'n funksionele indeling wat gebruik kan word in 'n ontleding van die gebruik wat van owerheidsfondse gemaak word vir die bereiking van die doelstellings van maatskaplike en ekonomiese beleid. Die tweede is 'n ekonomiese indeling wat gebruik kan word om die uitwerking van die transaksies van openbare owerhede op die volkshuishouding te meet. Hierdie artikel is gebaseer op 'n ekonomiese indeling van die transaksies van openbare owerhede soos dié wat vervat is in die nasionale rekeninge gegewens wat elders in die *Kwartaalblad* gepubliseer word.

Die lopende inkome en uitgawe van die algemene afdelings van openbare owerhede, soos dit in die nasionale rekeninge gepubliseer word,³ bestaan slegs uit totale. Die hoofdoel van hierdie artikel is om besonderhede van die komponente van die verskillende poste wat in hierdie rekeninge opgeneem is, te verstrek en om onderskeid tussen die verskillende vlakke van owerheid te maak. Sodanige besonderhede en neigings wat in die tydperk 1946 tot 1973 waarneem is, sal in die oorblywende gedeelte van hierdie artikel bespreek word. Voordat dit egter gedoen word, sal die samestelling van die verskillende regeringsvlakke waaruit openbare owerhede bestaan, in meer besonderhede bespreek word.

Indeling van openbare owerhede in Suid-Afrika

Vir die doeleindes van hierdie artikel sluit openbare owerhede departemente, fondse of instellings in wat, eerstens, die besluite van 'n regerende liggaam, soos die Parlement, provinsiale rade of munisipale rade, uitvoer en, tweedens, onderhewig aan die finansiële beheer van hierdie liggame is. Enige finansiële magte wat hulle mag besit, word daarbenewens verder aangewend vir die doeleindes wat die regeringsliggaam bepaal. Die bedrywighede van hierdie openbare owerhede kan ingedeel word volgens dié wat enersyds op die produksie van algemene regeringsdienste en dié wat andersyds op regeringsbedrywe betrekking het. Eersgenoemde bedrywighede is die verantwoordelikheid van die liggame waarna as *algemene owerheid* verwys word. Hulle voorsien, maar verkoop normaalweg nie, dié gemeenskaplike dienste wat andersins nie gerieflik of op ekonomiese gronde voorsien kan word nie. Hulle dienste word gewoonlik op 'n kollektiewe basis verbruik. Hierdie organisasies administreer die Staat en is verantwoordelik vir die maatskaplike en ekonomiese beleid van die regering en hulle dienste sluit onder andere verdediging, die handhawing van wet en orde, onderwys, gesondheidsdienste en volkswelsyn in. *Owerheidsondernemings* verwys na organisasies wat geheel of hoofsaaklik gefinansier en beheer word deur openbare owerhede en wat gemoeid is met die produksie en verkoop van goedere en dienste wat dikwels ook deur private sake-ondernemings voorsien word. Hierdie organisasies sluit ook dié in wat hoofsaaklik die algemene afdelings van openbare owerhede bedien maar sluit al die openbare korporasies uit.

Van die drie vlakke van openbare owerhede wat in die Suid-Afrikaanse nasionale rekeninge onderskei word, is die sentrale regering verreweg die belangrikste, sowel in grootte as in sy optredesfeer, en hy beïnvloed die bedrywighede van die laer regeringsvlakke of direk of indirek. Wat provinsiale administrasies betref, voorsien die sentrale regering die grootste gedeelte van hulle lopende inkome in die vorm van "subsidies"⁴ en al hulle leningsfondse. In die geval van die kapitaalbesteding van plaaslike owerhede oefen die sentrale regering beheer uit oor lenings van meer as R1 miljoen wat deur plaaslike owerhede op die kapitaalmark gesluit word.

Die sentrale regering

Die sentrale regering bestaan uit 38 staatsdepartemente asook verskillende statutêre liggame wat deur wetgewing in die lewe geroep is om gespesialiseerde funksies te vervul maar sluit openbare korporasies,

4. Hierdie subsidies moet nie met dié wat in die nasionale rekeninge vervat is, verwar word nie. Soos later aangetoon sal word, verwys laasgenoemde na oordragbetalings wat openbare owerhede aan produsente maak en wat grootliks daarop gemik is om die pryse van bepaalde produkte te verlaag.

3. Sien Tabel S-78 van die *Kwartaalblad*.

vir doeleindes van die nasionale rekeninge, uit. Die inkome en uitgawe van die departemente word te boek gestel in die Gekonsolideerde Inkomstefonds wat tans bestaan uit die Inkomsterekening, die Leningsrekening en die Suidwes-Afrikarekening. Van hierdie Rekeninge is die eerste twee van oorwegende belang. Hoewel die toedeling van inkome en uitgawe tussen die Inkomsterekening en die Leningsrekening nie duidelik omskryf is nie, weerspieël laasgenoemde Rekening oor die algemeen transaksies van 'n kapitale aard, met inbegrip van die voorsiening van leningsfondse, terwyl transaksies van 'n lopende aard oor die algemeen in die Inkomsterekening aangeteken word. Die Suidwes-Afrikarekening weerspieël die kapitaal- en lopende transaksies van die sentrale regering in Suidwes-Afrika. Die daaglikse transaksies van die Tesourie word egter in die Skatkisrekening weerspieël en alle fondse wat departemente vir hulle bewilligde uitgawes benodig, word uit hierdie Rekening aan hulle uitgereik via die Betaalmeestergeneraalrekening. Die inkomstevorderings van die verskillende departemente word ook in die Skatkisrekening gestort.

Dit volg uit bostaande dat transaksies van die sentrale regering, soos in hierdie artikel omskryf is, 'n wyer betekenis het as dié wat op die Skatkisrekening⁶ aangeteken word. Die vernaamste verskil in dekking tussen transaksies op die Skatkisrekening en dié van die sentrale regering is hoofsaaklik as gevolg van die insluiting by die begrip sentrale regering van sogenaamde buitebegrotingsfondse en -liggame.⁷ Hierdie organisasies is deur wette van die Parlement in die lewe geroep om spesifieke funksies te vervul. Hulle het verskillende grade van selfstandigheid en kan geheel of gedeeltelik afhanklik of geheel en al onafhanklik van die Gekonsolideerde Inkomstefonds as 'n bron van fondse vir die finansiering van hulle uitgawes wees. Direkte Parlementêre beheer oor hulle uitgawes is derhalwe slegs van toepassing vir sover hulle eie bronne van fondse onvoldoende is om hulle uitgawes te dek en Parlementêre bewilligings van fondse uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds noodsaak. Die sentrale regering, soos omskryf, sluit ook die verskillende Bantoe-owerhede in waarvan die Transkeise Regering die belangrikste is. Hierdie owerhede is in 'n groot mate afhanklik van fondse wat van die sentrale regering ontvang word maar het ook hul eie bronne van inkomste.

Die meer belangrike owerheidsondernemings van die sentrale regering, in teenstelling met algemene

owerheid, is die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie, die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, die Nasionale Behuisingskommissie en die Gemeenskapsontwikkelingsraad.⁸ Die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese lê jaarlikse begrotings aan die Parlement voor, terwyl die finansiële benodigdhede van ander owerheidsondernemings geheel of gedeeltelik uit departementele bewilligings voorsien word.

Provinsiale administrasies

Soos omskryf vir nasionale rekeninge doeleindes, omvat provinsiale administrasies die vier provinsiale administrasies in die Republiek asook die Administrasie van Suidwes-Afrika. Die werksaamhede van die vier provinsies word deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf en hulle is hoofsaaklik gemoeid met onderwys, gesondheid, paaie en brûe en die beskerming van wild. Die belangrikste wysiging in hulle verhouding met die sentrale regering het in 1971 plaasgevind toe die regering ná die voorlegging van die *Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Finansiële Verhoudings tussen die Sentrale Regering en die Provinsies*,⁹ nie alleen sekere veranderinge goedgekeur het in die verdeling van funksies tussen homself en die provinsiale administrasies nie, maar ook 'n nuwe "subsidie"-formule aanvaar het wat die voorstelle van die Kommissie van Onderzoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika¹⁰ vir 'n gekonsolideerde belasting wat alle inkomste en persoonlike belastinge in Suid-Afrika dek, beliggaam het. As gevolg van die implementering van hierdie voorstelle, word die grootste gedeelte van die lopende inkome van provinsiale administrasies tans van die sentrale regering deur middel van "subsidies" verkry.

Plaaslike owerhede

Plaaslike owerhede omvat 'n taamlik heterogene groep owerhede waarvan die werksaamhede beperk is tot die administrasie van die sake van plaaslike gemeenskappe. Tans bestaan daar in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika ongeveer 710 sulke owerhede wat wissel van klein gesondheidskomitees tot groot munisipaliteite. Inbegrepe daarby is ook afdelingsrade in die Kaap-provinsie, die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, streekswaterdienstekorporasies (veral in Natal), en Bantoe-administrasierade. Hulle is gemagtig om onder andere belasting op

5. Tussen 1954 en 1972 het die Bantoe-Onderwysrekening ook deel van die Gekonsolideerde Inkomstefonds uitgemaak.

6. Gegewens oor die Skatkisrekening word in Tabel S-45 van hierdie *Kwartaalblad* voorsien.

7. Hierdie fondse sluit onder andere in die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust, Werkloosheidsversekeringsfonds, Fondse vir die Skadeloosstelling van Werksmense, Vergoedingsfonds vir Myne en Bedrywe, Nasionale Padfondse, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie, Suid-Afrikaanse Hotelraad en die algemene afdelings van die Nasionale Parkeraad.

8. Ander wat minder belangrik is, sluit in die Staatsdrukker, Staatsgarage, Departement Bosbou, Alluviale Staatsdelwerke, Landsvoorraadeverkrygingsfondse, Swaartoerustingrekeninge van die Departement Waterwese en die S.A. Bantoe-trust en die handelsafdelings van die Nasionale Parkeraad.

9. Republiek van Suid-Afrika: *Verslag van die Kommissie van Onderzoek na die Finansiële Verhoudings tussen die Sentrale Regering en die Provinsies*, R.P. 35/1964, Staatsdrukker, Pretoria, 1964.

10. Republiek van Suid-Afrika: *Eerste Verslag van die Kommissie van Onderzoek na Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika*, R.P. 24/1969, Staatsdrukker, Pretoria, 1969.

eiendomme binne die gebied van hulle jurisdiksie te hef en is redelik onafhanklik van hoër regeringsvlakke sover dit hulle lopende inkome en uitgawe betref. Die leningsbevoegdhede van plaaslike owerhede is egter onderhewig aan die beheer van provinsiale owerhede, terwyl die uitgifte van lenings van meer as R1 miljoen in die kapitaalmark onderhewig aan Tesouriegoedkeuring is. Laasgenoemde beheer is hoofsaaklik daarop gemik om ordelike toestande in die kapitaalmark te bevorder, maar het in die praktyk ook in 'n metode ontwikkel om die kapitaaluitgaweprogramme van plaaslike owerhede te evalueer.

'n Groot gedeelte van die werksaamhede van plaaslike owerhede word deur departemente onderneem wat in die nasionale rekeninge as owerheidsondernemings ingedeel word. Die dienste wat hierdie ondernemings lewer, sluit in die voorsiening van vervoer, elektrisiteit, gas, water, abattoirgeriewe en produkte-mark- en lewende-hawemarktegeriewe.

Lopende inkome en uitgawe van algemene owerheid

Gegewens oor die lopende inkome en uitgawe van die algemene afdelings van openbare owerhede volgens regeringsvlak en volgens komponente, word in Tabele 2 tot 5 verstrek. In hierdie afdeling sal die verskillende poste kortliks bespreek en ontleed word.

Lopende inkome

Inkome uit eiendom

Inkome uit eiendom van die algemene owerheid verteenwoordig die werklike inkome wat as vergoeding ontvang word vir sy kapitaal wat deur ander sektore in die volkshuishouding by die produksie van goedere en dienste gebruik word. Dit sluit ook die bedryfsurplusse (of -tekorte) van owerheidsondernemings in. Inkome uit eiendom bestaan hoofsaaklik uit rente, dividende, netto huurontvangste en die netto winste (of verliese) van owerheidsondernemings van openbare owerhede.

Skommelings gedurende die na-oorlogse tydperk in die inkome van openbare owerhede uit hierdie bron is hoofsaaklik teweeggebring deur veranderings in die winste of verliese van die Suid-Afrikaanse Spoorweg-administrasie en tot 'n mindere mate in dié van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese. Goudmynhuurkontrakte, die ander belangrike komponent van inkome uit eiendom van die sentrale regering, het 'n opwaartse neiging getoon, veral gedurende die afgelope twee jaar vanweë hoër winste deur goudmyne as gevolg van die hoër prys wat goud op die private mark behaal het.

Indirekte en direkte belasting

In die verlede is veranderings in belastingkoerse redelik baie deur die sentrale regering as fiskale beleids-instrument gebruik aangesien sulke veranderings hul

geredeliker tot korttermyn manipulasie vir ekonomiese stabilisasiedoeleindes leen.

Belastinginvorderings is 'n belangrike bron van lopende inkome vir die algemene owerheid en was vir byna 80 persent van die lopende inkome gedurende die tydperk 1946 tot 1973 verantwoordelik. Totale lopende inkome is meer as voldoende om totale lopende uitgawe van algemene owerheid te dek en dra derhalwe ook by tot die finansiering van kapitaal-uitgawe en kapitaaloordragte van openbare owerhede. Die bestaan in Suid-Afrika, soos in meeste lande, van 'n progressiewe direkte persoonlike inkomste- en goudmynbelastingstelsel, bied die moontlikheid van 'n groeikoers in belasting wat normaalweg hoër sal wees as die koers van toename in nasionale inkome. Vir sover hierdie belastingfondse vir die finansiering van uitgawe gebruik word, maak dit 'n groeikoers in uitgawe moontlik wat hoër is as die gemiddelde groeikoers in die bruto binnelandse produk en lei dit tot 'n steeds toenemende relatiewe aandeel van openbare owerhede in die totale binnelandse vraag na goedere en dienste.

Suid-Afrika se belastingdruk, d.w.s. die verhouding tussen belastinginvorderings en die bruto binnelandse produk, het gedurende die grootste gedeelte van die na-oorlogse tydperk tot 1962 betreklik bestendig gebly maar in 1963 skerp toegeneem. Hierdie styging was as gevolg van hoër direkte belastings wat van sake-ondernemings ontvang is ná die instelling van 'n stelsel waarvolgens van maatskappye vereis is om hulle jaarlikse inkomstebelasting in drie paaiemente in plaas van een te betaal. Die verhouding het oor die algemeen 'n opwaartse tendens sedertdien getoon en in 1973 19,6 persent bedra, die hoogste persentasie wat in die na-oorlogse tydperk behaal is.

Indirekte en direkte belastings

Gemiddelde jaarlikse persentasie groeikoers

	1946-1961	1961-1973
Indirekte belastings	6,4	12,4
Direkte belastings	7,8	14,4
Totaal:	7,2	13,6
Sentrale regering en provinsiale administrasies	7,0	13,8
Plaaslike owerhede	8,4	10,9

Gedurende die hele na-oorlogse tydperk was direkte belastings, relatief gesproke, van groter betekenis as indirekte belastings en die aandeel van eersgenoemde in totale belastinginvorderings het vanaf 51 persent in 1946 tot meer as 61 persent in die tweede helfte van die sestigerjare gestyg. Deels om die aandeel van indirekte belastings te verhoog en deels vir fiskale beleidsdoeleindes, het die sentrale regering gedurende 1969 'n verkoopreg ingestel ná aanbevelings in hierdie verband deur die Kommissie

van Onderzoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika. Gedurende 1969 en die daaropvolgende twee jaar het die relatiewe aandeel van direkte belastinge gevolglik afgeneem en 'n peil van 56 persent in 1971 bereik maar daarna weer tot 61 persent in 1973 toegeneem.

Indirekte belasting

Vir nasionale rekeninge doeleindes word indirekte belastinge omskryf as verpligte betalings deur produ-sente aan owerhede ten opsigte van die produksie, verkoop, aankoop of gebruik van goedere en dienste en word beskou as 'n koste van produksie. Indirekte belastinge word deur alle owerheidsvlakke in Suid-Afrika gehef, maar gedurende die na-oorlogse tydperk was gemiddeld meer as drie-kwart van die totaal deur die sentrale regering gehef en ongeveer 15 persent deur plaaslike owerhede. Die oorblywende 10 per-sent is deur provinsiale administrasies ingevorder.

Gedurende die betrokke tydperk het die grootste gedeelte van indirekte belastinge gevorder deur die sentrale regering uit doeane- en aksynsregte bestaan en sluit sedert 1969 ook die verkoopreg in. As 'n gemiddeld, was hierdie regte vir ongeveer drie-kwart van die totale indirekte belastinge ontvang deur die sentrale regering, verantwoordelik. 'n Ander belang-rike, maar relatief minder betekenisvolle, bron van indirekte belastinge was die belasting op petrol wat na die Nasionale Padfonds oorgedra is en wat gemid-deld vir minder as 10 persent van die totale indirekte belastinge gehef deur die sentrale regering, verant-woordelik was. Sedert 1946 het rofweg die helfte van die indirekte belastinge gehef deur provinsiale admini-strasies uit motorvoertuiglisensies betaal deur onder-nemers bestaan. (Dié betaal deur huishoudings word

as direkte belasting beskou.) Hierdie bron van in-komste het egter gedurende onlangse jare vinnig gegroei en het gedurende die afgelope vier jaar onge-veer 65 persent van totale indirekte belastinge van provinsiale administrasies uitgemaak. Indirekte belas-tings gevorder deur plaaslike owerhede, bestaan hoof-saaklik uit eiendomsbelasting wat in 1973 96 persent van hul indirekte belastinge verteenwoordig het.

Direkte belasting


Direkte belastinge bestaan hoofsaaklik uit die heffings deur openbare owerhede op inkome uit indiensneming, eiendom, ondernemerskap, pensioene en soortgelyke bronne en sluit bestaansbeveiligingsbydraes in. Gedu-rende die na-oorlogse tydperk was inkomstebelasting vir meer as 90 persent van die totale direkte belastinge van alle openbare owerhede verantwoordelik.

Die implementering in die 1971/72 -Begroting van 'n hersiene stelsel van "subsidië" deur die sentrale regering aan die provinsiale administrasies, het saam-geval met die instelling van 'n gekonsolideerde belas-tingstelsel wat die belasting van beide die sentrale regering en die provinsiale administrasies saamge-voeg het. Provinsiale administrasies het gevolglik hulle reg om inkome te belas en om persoonlike belastinge in te vorder, verloor, maar is vir hierdie verlies in 'n nuwe subsidieformule vergoed. Enige ontleding van inkomstebelastinggegewens, vereis dat die sentrale regering en die provinsiale administrasies se ontvangste uit hierdie bron saamgevoeg moet word. Afgesien van die betreklike klein bedrag van direkte belasting gevorder deur plaaslike owerhede in die vorm van 'n Bantoediensheffing, word feitlik alle direkte belastinge deur die sentrale regering en die provinsiale administrasies ingevorder. Direkte belastinge wat tans deur laasgenoemde ingevorder word, bestaan hoofsaaklik uit motorvoertuiglisensies betaal deur huishoudings.

'n Ontleding van direkte belastinginvorderings vol-gens bron, vervat in Tabel 5, toon dat gedurende die na-oorlogse tydperk persoonlike direkte belastinge, as 'n persentasie van totale direkte belastinge, 'n hoogte-punt van 63 persent in 1948 bereik het, maar daarna tot omtrent 44 persent in 1956 gedaal het. Persoon-like direkte belastinge het daarna betreklik konstant gebly en tot in 1968 gemiddeld 46 persent van totale direkte belastinginvorderings deur alle openbare owerhede uitgemaak. Die instelling van 'n verkoopreg gedurende 1969 het aanvanklik 'n daling in die rela-tiewe belangrikheid van persoonlike direkte belastinge tot gevolg gehad, maar vanaf 1971 het dit weer toegeneem totdat 'n peil van 45½ persent in 1973 bereik is.

Direkte belastinge deur maatskappye betaal, het uiteraard 'n omgekeerde verloop getoon en was sedert 1954 deurgaans 'n groter bron van direkte belastinge vir openbare owerhede as dié betaal deur persone.

Grafiek 3
Direkte en indirekte belasting as persentasie van
bruto binnelandse produk



Lopende oordragte ontvang van huishoudings

Lopende oordragte wat deur openbare owerhede van huishoudings ontvang word, verteenwoordig verpligte betalings wat uit wetlike verpligtings voortspruit. Hierdie oordragte sluit verskillende lisensies en boetes en verbeurdverklarings in.

Lopende oordragte van huishoudings is 'n betreklik onbelangrike bron van inkome vir alle openbare owerhede en het in 1973 minder as 2 persent van hulle lopende inkome bedra. Plaaslike owerhede het die grootste gedeelte van hierdie oordragte ontvang en in 1973 het hulle invorderings, wat hoofsaaklik uit boetes en verbeurdverklarings bestaan, twee-derdes van die totaal uitgemaak.

Lopende oordragte van die res van die wêreld

Die lopende oordragte wat openbare owerhede van die res van die wêreld ontvang, bestaan grotendeels uit belasting op buitelandse aandeelhouders en die rentebelasting op buitelanders.

Hierdie oordragte vanaf nie-inwoners, wat slegs deur die sentrale regering ontvang word, het oor die algemeen 'n geleidelik opwaartse tendens sedert 1946 tot 1966 getoon. Gedurende die daaropvolgende twee jaar het die oordragte taamlik skerp toegeneem gedeeltelik as gevolg van twee opeenvolgende verhogings in die koers van belasting op buitelandse aandeelhouders en gedeeltelik vanweë die instelling van die rentebelasting op buitelanders in die 1967/68-Begroting van die sentrale regering.

Intra-regeringsoordragte

Die lopende inkome- en uitgawerekening van die algemene afdelings van openbare owerhede wat in die *Kwartaalblad* gepubliseer word, weerspieël 'n gekonsolideerde rekening. Dit beteken dat oordragte tussen die verskillende vlakke van owerheid in die uitgawe van die oordraggewer buite rekening gelaat is aangesien sodanige oordragte uiteindelik deur die ontvangers van die fondse bestee word. In die ontleding van die inkome en uitgawe van die verskillende vlakke van owerheid in hierdie artikel moet sodanige oordragte wel in berekening gebring word en word dan ook in Tabel 2 en 3 getoon. Daar moet op gelet word dat die betrokke inligting slegs verwys na oordragte wat deur een vlak van owerheid aan 'n ander gemaak word en dat oordragte binne 'n bepaalde owerheidsvlak buite rekening gelaat word. Dit is veral so in die geval van die sentrale regering, in sy engere betekenis, wat gedurende 1973 oordragte ten bedrae van meer as R600 miljoen gemaak het aan buitebegrotingsfondse, wat deel van die sentrale regeringsektor uitmaak. Hierdie oordragte is gemaak aan 'n groot aantal instellings en fondse soos die Krygstuigraad, die Rekening vir Spesiale Verdedigingstoerusting, die Suid-Afrikaanse Bantoetrust, die Raad op Atoomkrag, die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad.

Oordragte wat deur die sentrale regering aan algemene afdelings van ander vlakke van owerhede gemaak is, het 'n geleidelik opwaartse tendens tot 1968 getoon maar het skerp gedurende die daaropvolgende twee jaar gestyg en redelik aansienlik in 1971 as gevolg van die hersiene stelsel van provinsiale subsidies waarna reeds verwys is. Gedurende die na-oorlogse tydperk as 'n geheel, was 90 persent van intra-regeringsoordragbetalings deur die sentrale regering gemaak terwyl provinsiale administrasies verreweg die grootste gedeelte van hierdie oordragte ontvang het.

Lopende uitgawe

Verbruiksbesteding

Openbare owerhede is produsente van goedere en dienste. Aangesien die finale verbruik van sodanige goedere en dienste egter nie in alle gevalle aan 'n bepaalde sektor in die volkshuishouding toegedeel kan word nie, word die algemene afdelings van openbare owerhede vir doeleindes van die nasionale rekeninge ook beskou as die finale verbruikers van die goedere en dienste. Die waarde van die goedere en dienste wat hulle produseer en verbruik, word dan beskou as gelykwaardig aan die netto koste om hierdie goedere en dienste te lewer. Die verbruiksbesteding van algemene owerheid bestaan gevolglik uit die vergoeding van werknemers, hulle intermediêre verbruik (d.w.s. hul aankoop van goedere en dienste van 'n nie-kapitale aard van sake-ondernemings en die res van die wêreld) en voorsiening vir waardevermindering op geboue. Fooie en gelde ontvang uit die verkoop van sodanige goedere en dienste word van verbruiksbesteding afgetrek.


Verbruiksbesteding deur *algemene owerheid* sluit sekere soorte uitgawe in wat in ander sektore in die volkshuishouding as kapitaaluitgawe beskou word. Uitgawe op masjinerie en toerusting deur algemene owerheid word byvoorbeeld as lopende uitgawe beskou, soos ook die geval is met alle verdedigingsuitgawe behalwe dié vir die oprigting van permanente gesinswonings vir verdedigingspersoneel. Alle toenames in voorrade word ook beskou asof dit gedurende die jaar waarin die toename plaasgevind het, verbruik is.

Verbruiksbesteding

Gemiddelde jaarlikse persentasie groeikoers

	1946-1961	1961-1973
Sentrale regering	6,0	14,6
Provinsiale administrasies	9,7	10,9
Plaaslike owerhede	8,2	12,1
Totaal	7,6	12,9

Grafiek 4
Finale verbruiksbesteding van openbare owerhede



Tussen 1946 en 1961 het die verbruiksbesteding van algemene owerheid, as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, betreklik onbelangrike veranderinge getoon aangesien die gemiddelde groeikoers van net oor $7\frac{1}{2}$ persent per jaar in hierdie verbruiksbesteding slegs ietwat kleiner was as die groeikoers van 8 persent per jaar in die bruto binnelandse produk gedurende dieselfde tydperk. Sedertdien het verbruiksbesteding deur die algemene owerheid teen 'n gemiddelde koers van byna 13 persent per jaar toegeneem en was heelwat hoër as die gemiddelde jaarlikse groeikoers van $10\frac{1}{2}$ persent in die bruto binnelandse produk. As 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, het die verbruiksbesteding van algemene owerheid gevolglik van 'n gemiddelde van 9 persent tussen 1946 en 1961 tot 'n rekordhoogte van $13\frac{1}{2}$ persent in 1971 gestyg maar daarna ietwat gedaal tot 12 persent in 1973.

Salaries- en loonbetalings verteenwoordig gemiddeld ongeveer 60 persent van die verbruiksbesteding van algemene owerheid en was ook verantwoordelik vir die geleidelike opwaartse helling in verbruiksbesteding gedurende die na-oorlogse tydperk. Indien gegewe teen heersende pryse aangesuiwer word vir prysstygings, wat rekening hou met skaalaanpassings in salarisse en lone, het verbruiksbesteding in reële terme tussen 1946 en 1961 met 'n gemiddelde koers

van 3,5 persent per jaar gestyg of ongeveer 1 persentasiepunt minder as die groeikoers in die reële bruto binnelandse produk gedurende dieselfde tydperk. Die teenoorgestelde was waar vir die tydperk na 1962 toe, soos reeds hierbo genoem, die koers van toename in verbruiksbesteding teen heersende pryse versnel het. Tussen 1961 en 1973 het verbruiksbesteding van algemene owerheid gemiddeld teen 'n koers van 6,8 persent per jaar gestyg, vergeleke met 'n groeikoers van 5,7 persent per jaar in die reële bruto binnelandse produk.

Van die drie vlakke van owerheid is die sentrale regering uiteraard die grootste aankoper van goedere en dienste en gedurende die na-oorlogse tydperk in sy geheel was dit vir byna 55 persent van die totale owerheidsverbruiksbesteding verantwoordelik. Die persentasie het gedurende die tydperk 1946 tot 1961 betreklik bestendig gebly toe dit gemiddeld byna 47 persent bedra het, maar het sedert 1961 opvallend verander. Die sentrale regering was inderdaad hoofsaaklik verantwoordelik vir die opswaai in hierdie tipe besteding vanaf die vroeë sestigerjare en in 1971 was hy byvoorbeeld vir 59 persent van die totaal verantwoordelik. Sy relatiewe aandeel het daarna gedaal, maar het in 1973 nogtans 56 persent van die totaal uitgemaak. Die toename in die rol wat die sentrale regering in die afgelope twaalf jaar vervul het, het hoofsaaklik ten koste van provinsiale administrasies plaasgevind.

Subsidies

Die term subsidies soos in die nasionale rekeninge gebruik, verwys na oordragte wat deur openbare owerhede gemaak word en moet onderskei word van oordragte van die sentrale regering aan provinsiale administrasies waarna gewoonlik as „subsidies“ verwys word. Subsidies word gewoonlik beskou as inkome uit produksie en die oordragte is gewoonlik gebaseer op die hoeveelhede of waarde van die kommoditeite wat geproduseer, uitgevoer of verbruik is. Algemeen gesproke, is subsidiebetalinge daarop gemik om markpryse van sekere kommoditeite, hoofsaaklik basiese voedselsoorte, te verminder na vlakke wat laer is as die werklike produksiekoste of om sekere

Samestelling van subsidies

	R miljoene		
	1960	1970	1973
Subsidies t.o.v.:			
Landbouprodukte	34	103	102
Verlies deur die SA Spoorweë op Bantoe-passassiersdienste	2	12	24
Bystand aan grenswinsgoudmyne	—	15	6
Ander	4	17	39
Totaal	40	147	171

ontwikkelings aan te moedig. Subsidies kan in 'n sekere sin as negatiewe indirekte belastings beskou word.

Feitlik die totale bedrag wat deur openbare owerhede in die vorm van subsidies uitbetaal is, was van die sentrale regering afkomstig en slegs 'n geringe bedrag is deur die Administrasie van Suidwes-Afrika aan sake-ondernemings betaal. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, word die grootste gedeelte van alle subsidies ten opsigte van landbouprodukte betaal, maar die relatiewe belangrikheid daarvan het in onlangse jare merkbaar afgeneem.

Lopende oordragte aan huishoudings

Lopende oordragte aan huishoudings verteenwoordig fondse wat deur openbare owerhede aan individue en private nie-winssoekende instansies oorgedra is en wat nie in ruil is vir goedere of dienste gekoop of vir die nakoming van 'n kontraktuele verpligting nie. Hierdie fondse word deur die ontvangers daarvan as lopende inkomste beskou.

Gemiddeld bestaan sowat 85 persent van hierdie oordragte uit maatskaplike bystandsbidraes aan individue in die vorm van maatskaplike pensioene en oordragte aan private nie-winssoekende instellings. Die oordragte het veral gedurende die afgelope dekade vinnig toegeneem. Betalings van bestaans-beveiligingsvoordele, wat die oorblywende 15 persent van alle oordragte aan huishoudings verteenwoordig, het redelik geleidelik gedurende die na-oorlogse tydperk gegroei.

Bykans 90 persent van alle oordragte aan huishoudings word deur die sentrale regering gemaak en hierdie oordragte sluit alle voordele wat deur bestaans-beveiligingsfondse uitbetaal is, in. Oordragte wat deur provinsiale administrasies en plaaslike owerhede gemaak word, bestaan hoofsaaklik uit oordragte aan nie-winssoekende instellings.

Oordragte na die res van die wêreld

Oordragte na die res van die wêreld word slegs deur die sentrale regering gemaak en is, relatief gesproke, taamlik onbelangrik. Hierdie betalings bestaan hoofsaaklik uit bidraes aan buitelandse en internasionale organisasies.

Rente op staatskuld

Rente op staatskuld behels die rente wat deur die algemene owerheid betaal word op fondse wat deur middel van 'n verskeidenheid van skuldinstrumente van ander sektore van die volkshuishouding geleen is. In die sin waarin staatskuld hier gebruik word, sluit dit nie alleen die uitstaande skuld van die sentrale regering, waarmee dit gewoonlik geassosieer word, in nie, maar ook dié van die laer vlakke van owerheid. In Suid-Afrika is laasgenoemde beperk tot die plaaslike owerhede aangesien provinsiale administrasies al hulle leningsfondse van die sentrale regering ontvang.

Die rentebetalings, soos weerspieël in die nasionale rekeninge, verskil van die totale wat in die rekeninge van die betrokke owerhede voorkom met die rente wat deur hulle betaal word op fondse wat by hulle deur ander algemene afdelings belê is. Die rente op staatskuld wat in die nasionale rekening verskyn, verteenwoordig gevolglik die netto betalings deur openbare owerhede aan ander sektore van die volkshuishouding op fondse geleen om gemeenskapsbates soos paaie, brûe, skole, hospitale en administratiewe geboue op te rig.

Vanaf die tweede helfte van die sestigerjare het rentebetalings geneig om vinniger toe te neem en het redelik opvallende toenames gedurende 1969 en weer gedurende 1972 en 1973 getoon. Die hoër rentebetalings gedurende 1969 kan in verband gebring word met ontwikkelings in die kapitaalmark gedurende 1968 toe dit vir die regering moontlik was om heelwat meer fondse as wat sy leningsbehoeftes was, te bekom. Die Tesourie was inderdaad gedurende daardie jaar in staat om sy kontantsaldo aansienlik te vergroot en om vir die eerste keer fondse na die Stabilisasierekening by die Reserwebank oor te plaas. Die hoër koers van toename in rentebetalings in 1972 en 1973 was, sover dit die sentrale regering sowel as die plaaslike owerhede betref, die gevolg van die betreklik hoë vlak van rentekoerse wat betaal moes word op fondse wat gedurende 1971 tot 1973 in die kapitaalmark verkry is.

Rentebetalings op staatskuld is, uiteraard, hoofsaaklik afkomstig van die sentrale regering en gedurende die afgelope dekade het sy betalings driekwart van die totaal uitgemaak. Die oorblywende 25 persent is deur plaaslike owerhede verantwoord.

Lopende surplus van algemene owerheid

Die lopende surplus van die algemene afdelings van openbare owerhede verwys na die oorskot van hulle lopende inkome bo lopende uitgawe. Dit gee 'n aanduiding van die mate waarin owerhede in staat is om by te dra tot die finansiering van hulle eie investering en tot die kapitaalbehoefte van ander sektore van die volkshuishouding deur middel van kapitaaloordragte en lenings. As 'n nasionale rekening begrip, verskil die lopende surplus van die algemene owerheid aansienlik van die surplusse (of tekorte) aangeteken in die rekeninge van die verskillende departemente en organisasies wat gesamentlik die algemene owerheid uitmaak. Die surplus op die Inkomsterekening van die sentrale regering verskil byvoorbeeld van dié geïnkorporeer in die nasionale rekeninge met, onder andere, vaste investering en kapitaaloordragte vanuit daardie Rekening.

As die netto resultaat van verskillende inkom- en uitgaweposte, wat opsigself teenoorgestelde neigings kan toon, het die lopende surplus van die algemene afdelings van die owerheid soms groot skommelings gedurende die na-oorlogse tydperk getoon. Die surplus

het redelik opvallende toenames sedert 1963 getoon, veral in 1973 toe dit vergeleke met die vorige jaar meer as verdubbel het tot R961 miljoen vanweë 'n oplewing in belastinginvorderings deur die sentrale regering.

Die lopende surplus van die algemene owerheid kan hoofsaaklik aan die sentrale regering toegewys word en gedurende die tydperk onder bespreking was die sentrale regering vir bykans 64 persent van die totaal verantwoordelik. Provinsiale administrasies was vir gemiddeld 22 persent en plaaslike owerhede vir 14 persent verantwoordelik.

Gevolgtrekking

Gedurende die na-oorlogse tydperk het openbare owerhede 'n rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie gespeel wat van toenemende betekenis was. Hulle uitgawe op finale goedere en dienste, verteenwoordig deur verbruiksbesteding en investeringsuitgawe, het inderdaad in so 'n mate toegeneem dat dit tans ongeveer een-vyfde van die bruto binnelandse produk verteenwoordig. Die toenemende belangrikheid van openbare owerhede was veral vanaf die vroeë sestigjare te bespeur toe hulle totale inkome en besteding geneig het om sneller toe te neem gedurende 'n tydperk waarin die volkshuishouding as geheel 'n oplewing in bedrywigheid ondervind het.

Alhoewel veranderings in die koers van toename in uitgawe in die verlede vir antisikliese beleidsdoel-eindes gebruik is, leen 'n verandering in die koers van belasting hom tot groter buigsaamheid in hierdie verband en is herhaaldelik gedurende die na-oorlogse tydperk deur die sentrale regerings, as die belangrikste ontvanger van belasting, gebruik om ekonomiese ontwikkelings te beïnvloed. Suid-Afrika se belastingdruk is betreklik laag, maar het in 1973 sy hoogste na-oorlogse vlak bereik toe totale direkte en indirekte belasting bykans 20 persent van die bruto binnelandse produk verteenwoordig het.

Die direkte rol wat openbare owerhede deur middel van netto oordragbetalings in die herverdeling van inkome speel (hoofsaaklik pensioenbetalings en begiftigings, en subsidies) het met die groei in die bruto binnelandse produk tred gehou. Hierdie oordragte het gemiddeld slegs 3 persent van die bruto binnelandse produk tussen 1946 en 1973 verteenwoordig. Een rede vir hierdie betreklike lae persentasie is dat die herverdeling van inkome in Suid-Afrika hoofsaaklik op 'n indirekte wyse teweeggebring is deur die voorsiening van algemene owerheidsdienste soos onderwys- en gesondheidsdienste en op vervoer en behuising.

Die sentrale regering speel die belangrikste rol beide wat betref die invordering van inkome en die besteding van sulke fondse. Die sentrale regering en die provinsiale administrasies was gedurende die na-oorlogse tydperk gesamentlik vir meer as 90 persent van die totale lopende inkome van die algemene

owerheid verantwoordelik en vir bykans 91 persent van die lopende besteding waarin die sentrale regering die grootste aandeel gehad het.